NWK PERSVERKLARING

NWK betree tweede eeu met ‘n nuwe baadjie

NWK, die landboumaatskappy van Lichtenburg, skop hul volgende eeu af met ‘n splinternuwe korporatiewe identiteit, wat gepaard gaan met ‘n nuwe posisionering van koöperatiewe waardes en korporatiewe beginsels.

Die nuwe korporatiewe identiteit met die leuse “Jou greep op die mark” is op 6 Mei vanjaar in Centurion tydens ‘n mediafunksie bekendgestel.

NWK se handelsmerk-oefening behels meer as net ‘n nuwe logo. “Dit betrek die organisasie se totale diensverskaffingsketting. Kwaliteit is ‘n sleutelwoord en dit impliseer veral hoe NWK voortaan sy onderskeie teikenmarkte gaan bedien,” het Heinrich Krüger (voorsitter: NWK Direksie) gesê.

Volgens Danie Marais (besturende direkteur) val die maatskappy se nuwe korporatiewe identiteit saam met ‘n klomp inisiatiewe soos die werwing van bykomende gespesialiseerde beroepslui, doelgerigte opleiding van personeel, opgradering van die infrastruktuur en die manier waarop interaksie met klante plaasvind.

“Tydens ons eeufeesvieringe verlede jaar het NWK besef dat klante en verskaffers van ons verwag om op ‘n meer tasbare wyse by veranderende tye aan te pas. NWK is ‘n suksesvolle maatskappy, maar ons het oor die jare te min aandag aan ons korporatiewe posisionering gegee, en daarom het ons besluit om dit reg te stel,” het Danie gesê.

“Daar is steeds ‘n mate van herkenbaarheid in die nuwe korporatiewe identiteit opgesluit, hoewel dit die vorm van ‘n moderne idioom aanneem. Die kleure is opwindend vars en die lyne eenvoudig. Die naam NWK geniet meer prominensie in die ontwerp, wat op die organisasie se meer progressiewe posisionering sinspeel,” het Danie bygevoeg.

Hy het sy opgewondenheid oor NWK se toekoms uitgespreek. “Ons is verheug oor NWK se besluit om ‘n nuwe baadjie aan te trek en seker te maak dat ons gerat is vir die uitdagings van die 21ste eeu.”

Heinrich Krüger (voorsitter: NWK), links, en Danie Marais (besturende direkteur: NWK) onthul die nuwe logo tydens die bekendstellingsgeleentheid op 6 Mei vanjaar by Irene Country Lodge in Centurion.

Navrae: Johan Bezuidenhout

Bestuurder: Korporatiewe Bemarking, NWK
Tel: +27 18 633 1368
jbezuidenhout@nwk.co.za
www.nwk.co.za

Uitgereik deur Infoworks op 10 Mei 2010
Ruth Davies
Tel: +27 18 468 2716
ruth@infoworks.biz